Stellenbosch
KERSMARK
WELKOM WELCOME

1 April 2025

Beste Uitstaller

## Lees asseblief hierdie Inligtingsdokument baie sorgvuldig deur.

Dit is vir ons baie aangenaam om julle in kennis te stel dat vanjaar se Kersmark gehou sal word by die Jesus Sentraal Kerksentrum, h/v Martinsonstraat & Unielaan, Uniepark, Stellenbosch.

Ons mark vind vanjaar plaas vanaf ***Woensdag 26 November tot Saterdag 6 Desember 2025***.

Die Kersmark verkoop hoofsaaklik ‘n wye verskeidenheid, kwaliteit handgemaakte artikels en is veral gerig op die verkoop van Kersgeskenke.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **TYE**: | Maandae tot Vrydae | 09:00 | - | 19:00 |
| | Saterdae | 09:00 | - | 16:00 |
| | Sondae | Gesluit | | |

**ALGEMENE VOORWAARDES VIR UITSTALLERS**

- U tafel moet te alle tye vol wees en die voorraadvlakke moet tot op die laaste dag van die Kersmark gehandhaaf word.
- Indien u wel by ander markte uitstal moet dit nie u voorraadvlakke by die Kersmark beïnvloed nie.
- Indien die tafel leeg loop sal ‘n addisionele boete van R200-00 per dag gehef word.
- Uitstallers mag hulle kontakbesonderhede op hulle produkte en uitstalruimtes plaas.
- Uitstallers van gesogte juweliersware en kosstalletjies (bv olywe) moet daagliks hulle stalletjies beman en proebakkies **self** opvul en skoon maak.
- Indien u self u tafel gaan beman, vul dit op die aansoekvorm in, sodat die nodige spasie aan u geallokeer kan word.
- Slegs items wat deur die keuringsproses goedgekeur is, mag uitgestal word.
- **Geen diensbeurte word deur uitstallers gedoen nie. ‘n Bedrag van R250-00 moet vir diensbeurte betaal word, addisioneel van die tafelkostes. Die tafelkoste en diensbeurt moet saam inbetaal word.**
- Diensbeurte sal deur opgeleide en verantwoordelike personeel gedoen word.
- Produkte se pryse mag nie tydens die Kersmark verhoog of verminder word nie.
- Maak 100% seker dat u bankbesonderhede, kontaknommers en e-posadresse volledig en korrek op die getekende aansoekvorm aangebring word.
- Uitbetalings aan uitstallers sal 5 – 7 dae na afloop van die mark uitbetaal word.
- Die koördineerder en komitee van die Kersmark is nie verantwoordelik vir enige verliese gely tydens die duur van die mark nie.
- Verwyder asseblief alle leë bokse tydens en na die mark. Los asseblief die fasiliteit en stoorkamer in dieselfde netjiese toestand as wat jy dit ontvang het.

**AANSOEKVORM EN PRODUKTELYS**
Vul die aansoekvorm en produktelys asseblief **ELEKTRONIES** in, om leesbaarheid te verseker. Dui duidelik aan of u 'n kragpunt benodig - daar is beperkte spasies beskikbaar wat toegang tot 'n kragpunt het. (Ons sal ons bes probeer om u te akkommodeer met 'n kragpunt, indien dit moontlik is.)

Stoor dit en e-pos dit tesame met foto's van jou produkte, aan ons. **Die aansoekvorm moet deur u onderdeken word as bevestiging dat u ons voorskrifte aanvaar.**

Maak asseblief seker dat u die verkoopprys, wat tydens die Kersmark van toepassing gaan wees, hierop aanbring. Pryse mag glad nie gedurende die mark verander word nie.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE**
**Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 JUNIE 2025.** Moet asseblief nie wag tot op die laaste dag nie, aangesien die e-pos lading dan te groot is en dit die finalisering van die keuring vertraag. Aansoeke moet aan kersmark@familiekerk.com of kantoor@familiekerk.com gestuur word. *Maak asseblief seker dat u al die reëls en vereistes nakom. U* ***getekende*** *aansoekvorm tesame met 'n* ***afskrif van u identiteitsdokument en foto's van u produkte*** *moet die kerkkantoor bereik voor die sperdatum.*

*Indien u aansoek suksesvol was, sal u per e-pos bevestiging ontvang na die keuring.*

**Indien u aansoek nie suksesvol is nie sal u in kennis gestel word en geen verdere korrespondensie of telefoongesprek sal verder daaroor gevoer word!**

**KEURING**
• Die volgende word as kriteria vir die keuring van produkte gebruik:
1. Hoogstaande gehalte
2. Keurige aanbieding.
3. Billike pryse
4. Oorspronklike en kreatiewe produkte

***KEURING***
***PROSEDURE***
Keuring sal elektronies plaasvind. Duidelike foto's van u produkte moet u aansoek vergesel. Keuring vind plaas vanaf **1 JULIE tot en met 11 JULIE 2025**. Uitstallers wat kosporudkte aanbied vir keuring moet 'n klein voorbeeld van die produkte na die Kerkkantoor laat courier, voor die keuringsdatum. Uitstallers wie se aansoeke suksesvol was sal per e-pos vanaf **1 AUGUSTUS 2025** in kennis gestel word.

**UITPAK EN OPRUIM**

Uitstallers kan op Dinsdag 25 November 2025 uitpak.

**Reëlings ten opsigte van die tyd en waarop elke uitstaller mag uitpak sal aan julle deurgegee word.**

**Die stalletjies moet reeds uitgepak wees teen 17h00.** Uitstallers moet hulle tafels bedek met 'n tafeldoek **wat tot op die grond hang**. Staanders wat stewig geanker is vir uitstaldoeleindes mag bo-op die tafels gebruik word. U is verantwoordelik daarvoor om self u artikels uit te stal en in gevalle waar dit onmoontlik is, moet u asseblief self reëlings in hierdie verband tref. *'n Addisionele fooi saal gehef word indien u die Kersmarkpersoneel versoek om u stalletjie namens u uit en op te pak.* U mag geen spykers, duimspykers of gomme gebruik om u produkte aan mure, deure of ander eiendom te heg nie. Ekstra voorraad kan onder u tafel gebêre word. Die konvenors sal sover moontlik die artikels op u tafel vanuit die voorraad onder die tafel aanvul. Dit is dus noodsaaklik dat u sal sorg vir genoegsame voorraad vir die volle duur van die mark. Dit bly egter nog steeds u eie verantwoordelikheid om vas te stel watter voorraad aangevul moet word of om iemand te vra om u op hoogte van sake te hou.

Indien u stoorspasie vir ekstra voorraad benodig wat NIE onder die tafel gestoor kan word nie, moet u asseblief direk met die kantoor reëlings tref om ekstra stoorspasie te bespreek.

Die Stellenbosch Kersmark eindig op Saterdag, 6 Desember, om 16:00. 'n Aankondiging sal in die kostent gemaak word wanneer u die stalletjie mag oppak. U kan vanaf **16:45** u tafels begin oppak, nadat die afkondiging gemaak is (lees asseblief Brief gerig aan Uitstallers wat op die web beskikbaar is) – u mag slegs oppak sodra alle kliënte verby die betaalpunt beweeg het. **DAAR MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE VOOR 16:45 OPGEPAK WORD NIE.**
Graag rig ons weer 'n vriendelike versoek tot u, om **asseblief** u tafel direk na afloop van die mark op te pak en die area so netjies moontlik agter te laat.

**Indien iemand anders namens u oppak moet die reëlings vooraf met die Kersmarkkantoor getref word. Die Kersmarkpersoneel kan onder GEEN omstandighede die tafels names die uitstallers uitpak of oppak en die voorraad berg nie, tensy vooraf reëlings hiervoor met die Kersmarkpersoneel getref is.**

**PRYSETIKETTE – "Barcodes"**

1. Indien jou prysetikette aan jou gekoerier moet word sal 'n addisionele bedrag van **R200-00** per uitstaller betaalbaar wees. Die posgeld moet saam met die tafelkoste en diensbeurtfooi betaal word. Bevestig per e-pos na watter fisiese adres die etikette gekourier moet word.

**Verdere inligting aangaande die strepieskodes sal in 'n opvolg skrywe aan julle gerig word.**

**TERREIN**
Die Kersmark vind plaas by die kerksentrum van Jesus Sentraal Gemeente, met twee bykomende markiestente wat vir die tydperk van die Kersmark opgerig word.

**Adres:** H/v Martinsonstraat & Unielaan, Uniepark, Stellenbosch (oorkant Stellenbosch Hoërskool). JESUS SENTRAAL GEMEENTE

**REGISTRASIE** *(Indien u gekeur word)*

***Slegs vol tafels of vol vloerspasies sal beskikbaar wees wat as uitstalruimte gebruik kan word.***

*TAFELGROOTTE: 1,80 x 0,75 meter* - **R950-00** per tafel /vloerspasie

• **Tafelkoste, diensbeurtgelde en posgeld is voor of op 30 September 2025 betaalbaar.**

**Indien geen betaling @ 30 September 2025 ontvang is nie, sal u spasie aan 'n ander uitstaller toegeken word.**

• **R950-00** per vloerspasie (1.80 x 0.75 cm) (eie rak of tafel)
• **R950-00** per tafel (1.80 x 0.75 cm) (ons voorsien die tafel)
• **R250-00** Diensbeurtgelde

Elektroniese oorbetalings moet vergesel word met 'n duidelike verwysing: jou **voorletter** en **van**.
**(Nie besigheidsnaam nie).**

**BANKBESONDERHEDE:**

| | |
|---|---|
| **STELLENBOSCH KERSMARK** | |
| **ABSA BANK** | |
| **REKENINGNOMMER:** | **405 985 5109** |
| **TAKKODE:** | **632005** |
| **VERWYSING:** | **Naam en Van** |

***Tafelkoste, diensbeurte en posgelde is nie terugbetaalbaar nie.***

**KOMMISSIE**
Uitstallers staan **20 %** van alle verkope aan die gemeente af. U verkoopprys moet dus die **20 %** reeds insluit. **Alle** uitstallers betaal dieselfde persentasie kommissie.

*Verkooppryse moet asseblief tot die naaste Rand afgerond word.*

***Kostentstalletjies in die kostent-area se kommissie sal direk aan julle gekommunikeer word.***

**SEKURITEIT**
Let asseblief daarop dat sekuriteit slegs geld vanaf Dinsdag 25 November tot en met Saterdag, 6 Desember 2025.

**REKLAME EN PUBLISITEIT**
Ons beoog wye publisiteit van die Kersmark deur middel van die pers, pamflette, plakkate en advertensies in koerante, asook elektronies per sms, e-pos, facebook en instagram.

**VRYWARING:**
"Nieteenstaande enigiets tot die teendeel hierin vermeld of andersins aan u meegedeel, sal die uitstaller geen eis of verweer van enige aard, hetsy vir direkte, indirekte of gevolgsake, teen die kerk of Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk hê, weens enige handeling of versuim van die kerk of Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk, sy personeel of agente nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot brand, inbrake, handelinge van God, diefstal, enige skade aan die produkte of eiendom van die uitstaller of enige beserings wat u of enige persoon wat u help met die uitstalling mag opdoen. Die uitstaller onderneem om die kerk of Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk te vrywaar en skadeloos te stel vir alle verlies of skade, hoe dit ook al mag ontstaan, wat die kerk of Stellenbosch Kersmark Edms. Bpk mag ly weens die uitstaller se deelname aan Kersmark 2025."

**KONTAKPERSOON**
*Wendy Theron*
*kersmark@familiekerk.com*
*kantoor@familiekerk.com*

*Stellenbosch Kersmark*
Kantoor: 021-883 3850
Sel: 065 513 5194
Kantoor-ure: 08h00 – 13h00
*Kersmarkgroete*